Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste

Allah mag, anders as Sy skepsele, 'n eed neem by enige van sy skeppings ten einde gewig te gee aan 'n opvolgende waarheid. Die onderwerp van die volgende eed is dat die mens baie ondankbaar is teenoor sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer

1. Ek sweer by die perde wat snorkend hardloop: die oorlogsperde wat altyd gewillig en dankbaar teenoor hul meesters, in groot gevaar en moeilike omstandighede, met wyd oopgesperde neusgate hardloop dat hul asems jaag,

2. en by die wat so hardloop dat jy net sien vonke spat soos wat hul hoewe die klippe tref,

3. en by die wat met dagbreek aanval,

4. en so hard hardloop dat hulle selfs op die natgedoude oggendgrond 'n stofstreep teen die horison agterlaat,

5. en terwyl die stof nog in die lug hang, dring hulle tot midde in die vyandelike magte in, sonder die minste vrees,

6. daarteenoor is die mens inderdaad baie ondankbaar teenoor sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer,

7. wat deur sy optrede bewys dat hy meer besorg is oor sy probleme as wat hy dankbaar is vir sy seëninge, en meer belangstel in sy rykdom en welvaart as in die Gewer van die rykdom en welvaart.

8. En in sy liefde vir sy rykdom is hy baie intens.

9. Weet die mens dan nie wat gaan gebeur op daardie dag wanneer alles wat in die grafte is geweldadig blootgelê gaan word nie,

10. en alles wat in die harte is openbaar gemaak gaan word nie.

11. Waarlik jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer sal op daardie dag alles van hulle af weet.